

13 Maart 2014

Jaargang 7 – Uitgawe 6

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Die konteks van kerkwees

**Verlede week het 'n afvaardiging van die Nederduitse Hervormde Kerk die byeenkoms van die 16de Conventus Reformatus, die Konvent van Kerke van die Reformasie in Suidelike Afrika, bygewoon. Ons gashere was die Calvinse Protestantse Kerk, en die Konvent het plaasgevind in hul kerkgebou in Athlone.**

Toe hy die Konventgangers verwelkom, het ds Stephen Snyman, predikant van dié gemeente, vir ons gesê dat ons ons nou presies in die middel van die *Cape Flats* bevind. Hy het iets van die omstandighede waaronder hulle gemeente is, verduidelik en ons vertel dat daar die vorige twee weke etlike voorvalle van bendegegeweld in die blok om die kerkgebou plaasgevind het. Eers is twee bendelede doodgeskiet, toe, uit weerwraak, een van die ander bende en toe weer een van die eerste bende. Hulle het letterlik vier lyke opgetel binne 'n 100 meter radius van die kerk. Dit gebeur dan ook dat die bendelede na hom kom en vir hom sê: *Djy's mos van die community, nè? Djy moet die funeral vir ons doen* (aksent soos Stephen self dit gebruik het). En dan doen hy maar die begrafnis, sê Stephen, wel wetende dat erge geweld enige oomblik kan opvlam. Hy doen dit, want dis hulle mense en hulle reik so uit na die gemeenskap.

Met teetyd sien ons 'n samedromming van mense en polisievoertuie 'n hanetree van die kerk af. Stephen gaan vind uit. 'n Bende het die laaste skietter opgespoor, maar hy kon weghardloop. Toe vat hulle eenvoudig 'n 17-jarige seun wat daar naby gestaan het en maak die magasyn van 'n pistool op hom leeg. 'n Ma se enigste seun word vir geen rede doodgeskiet.

Dié gebeure het die Konvent diep geraak. Vir my ook. Ons kerm en kla so maklik oor dinge wat nie loop soos ons wil hê hulle moet loop in die gemeente nie, maar dan is dit soms dinge soos dat daar nie genoeg koekies is by die teedrinkery na die erediens nie. Daar is seker min gemeentes, van watter denominasie ook al, wat nie uitdagings in die gesig staar nie. Party s'n is dalk net heelwat groter as ander, afhange van die konteks waarbinne hulle kerk is.

Iemand het êrens gesê dat ons moet leer om tevrede te wees met wat ons het, eerder as om ontevrede te wees oor wat ons nie het nie. Miskien kan dit help as ons eerder hierdie tyd van ontevrede wees gebruik om voorbidding te doen vir ons broers en susters wat in moeiliker omstandighede as ons steeds regkry om met vreugde die Here te dien.

Die Konvent het die volgende verklaring uitgereik:

*Vandag, 4 Maart 2014, het 'n daad van bendegegeweld 'n sewentienjarige jong man se lewe geëis. Hy is in 'n skietvoerval neergevel, skaars 'n klipgooi weg van die kerkgebou van die Calvinse Protestantse Kerk, Gemeente Athlone, waar die Conventus besig was om te vergader.*

*Vir baie sal hierdie bloot 'n kort nuusberig wees. Maar vir sy ma was hy haar enigste seun; vir ons almal was hy 'n medemens; en in God se oë was hy iemand wat na sy beeld geskep is en wie se lewe daarom kosbaar was.*

*Ons doen 'n ernstige beroep op diegene wat vir hierdie wreedaardige daad verantwoordelik was om verantwoordelikheid te aanvaar vir die tragiese verlies wat hulle die familie aangedoen het en om onmiddellik alle verdere dade van sinlose geweld te staak. Ons doen 'n oproep op die gemeenskap om die oppergesag van die reg te respekteer. Ons doen eweneens 'n oproep aan diegene wat verantwoordelik is vir die toepassing van die wet om te sien dat reg en geregtigheid geskied en om die vrede te bewaar.*

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Ds Etienne Fourie



## BEROEPE EN STANDPLASE

### Beroepe ontvang

- **Prop EM (Liza) Steenekamp** (beroepafwagtend) na Witbank-Suid
- **Dr J (Johan) Nel** (beroepafwagtend) na Bloemfontein (deelyds)
- **Prof AC (Adriaan) Neele** (beroepafwagtend) na Bloemfontein (deelyds)
- **Ds MJ (Marna) van der Westhuizen** (Oos-Moot – benoeming) na Oos-Moot (benoeming met jaar verleng)

### Beroepe aanvaar

- **Ds MJ (Marna) van der Westhuizen** (Oos-Moot – benoeming) na Oos-Moot (benoeming met jaar verleng)
- **Prop EM (Liza) Steenekamp** (beroepafwagtend) na Witbank-Suid



Prop Liza Steenekamp Dr Johan Nel



Prof Adriaan Neele Ds Marna van der Westhuizen

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegerbeure na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

- **Ds Gerhard Kruger** van Gemeente Zwartuggens **se moeder** is die oggend van 11 Maart oorlede. Ons innige simpatie gaan aan ds Kruger en hul familie.
- **Mnr Rowan Cronje**, voorheen predikant van ons Kerk, is Saterdag 8 Maart onverwags in sy slaap oorlede nadat hy die afgelope jaar 'n stryd teen kanker gevoer het. In Januarie 1962 is hy as predikant in Gemeente Salisbury georden. Nadat hy die gemeente agt jaar bedien het, het hy tot die politiek in Rhodesië toegetree en in die destydse kabinet van mnr Ian Smith en later ook pres Robert Mugabe gedien. Van 1982 tot 1994 het hy as kabinetslid in die regering van die destydse Bophuthatswana-tuisland gedien. Rowan het as ouderling gedien in al die gemeentes waar hulle ingeskakel het. Hy het ook vir twee termyne as ouderlingslid van die Kommissie van die AKV gedien. In 1994 het die gesin hulle in Pretoria gevestig en was sedertdien lidmate van Gemeente Pretoria-Oos, waar Rowan ook ouderling was. Sy gedenkdiens vind Saterdagoggend 15 Maart om 10:30 vanuit Gemeente Pretoria-Oos plaas. Hy laat sy vrou, Edel, drie kinders en sewe kleinkinders agter. (Lees gerus die onderhoud in die April 2014-uitgawe van *Konteks* wat Louise Geysers kort voor sy afsterwe met hom gevoer het.)
- **Emeritusprofessor Johan Koekemoer** is in Unitashospitaal opgeneem met borskaspyn. Hy ondergaan tans toetse om die aard van die pyn vas te stel. Ons bid hom spoedige beterskap en algehele herstel toe.
- **Mev Monica Beukes**, vrou van prof Bieks Beukes, het 'n voetoperasie ondergaan. Ons wens haar sterkte en volkome herstel toe.
- **Ds Dries Beukes** van Gemeente Swartkop ondergaan op Donderdag 13 Maart 'n oogoperasie vir 'n katarakverwydering. Ons bid hom volkome herstel toe.
- **Prof Andries Breytenbach** gebruik nie meer die e-posadres van die Universiteit van Pretoria nie. Sy nuwe e-posadres is [apbbreytenbach@gmail.com](mailto:apbbreytenbach@gmail.com).
- **AKSIEGROEP VIR BEJAARDES**. Swak dieptepersepsie kan moontlik die ouer persoon se vermoë om die hoogte en diepte van trappies te bepaal, beperk. Bring dus stewige handrelings by alle trappe aan en verf die rand van die trappies met 'n helder, kontrasterende kleur. Vir meer inligting, kontak jou diaken of die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.



Rowan en Edel Cronje



- **VAN DER HOFF TEOLOGIESE STUDENTEVERENIGING**

90-jaar-feesviering: Herdenking van die ontstaan van Van der Hoff  
Maandag 24 Maart om 18:00 te SP Engelbrecht-museum (Gemeente Pretoria)  
Predikante en emeriti van die NHKA welkom  
Kontak die Praeses, Elmien Knoetze, by 079 490 4745  
of e-pos Van der Hoff by [vdhstudente@gmail.com](mailto:vdhstudente@gmail.com)  
indien u die geleentheid wil bywoon

- Die **Bybelgenootskap van Suid-Afrika** nooi alle lidmate in die **noorde van die land** vriendelik uit na 'n bekendstellingsgeleentheid van die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* op Woensdag 9 April om 19:00 in die kerkgebou van die AGS Kaleideo gemeente te Fiskaalstraat 32, Glen Marais, Kempton Park. 'n Aand van voorlesing en musiek word beplan (die TUKS Camerata-koor van Pretoria sal onder andere optree). Lede van die Redaksionele Komitees en ander medewerkers aan hierdie vertaling sal ook by die geleentheid teenwoordig wees en die vertaling sal te koop wees (R35 vir die standaard hardebanduitgawe en R99 vir die verwerkteleeruitgawe met goud-op-snee en duimindeks). Die program behoort nie langer as 'n uur te duur nie. Die klededrag is netjies informeel.



Nuwe Testament en Psalms

- **UITGEBREIDE LITURGIESE KALENDER.** Die ses Sondae van die Lydenstyd is vanjaar 9, 16, 23 en 30 Maart en 6 en 13 April. Prof Natie van Wyk skryf soos volg oor die **derde Sondag van die Lydenstyd (Okuli) – 23 Maart**. “Die naam van die derde Sondag van die Lydenstyd word afgelei van die eerste woorde van die Latynse weergawe van Psalm 25: 15: *My oë is altyd op die Here gerig*. Op hierdie Sondag, in die middel van die Lydenstyd, konsentreer die gemeente op die uitdaging om Jesus Christus konsekwent na te volg. 'n Gedeelte soos Lukas 9: 57-62 sal gepas wees vir die prediking. Die woorde van 1 Konings 19: 10 kan ook ter sprake gebring word. 'n Kerk wat graag in die voetspore van die Heer wil volg, kry op hierdie dag geleentheid om die tema deurdag in die prediking en kategeese uit te spel. Talle toewydingsliedere is beskikbaar om te sing. Halleluja-liedere is egter onvanpas, aangesien ons in skuld en skaamte voor die Here staan. Op Dinsdag 25 Maart word die aankondiging van die geboorte van Christus herdenk.”

- Die **Ringsdiakensvergadering** van die ring van **Noordelike Pretoria** vind plaas op Vrydag 14 Maart vanaf 18:30 en Saterdag 15 Maart vanaf 08:00 by Gemeente Wonderboom te Marjoramstraat 84, Wonderboom. Vrydagaand word die administrasie van die vergadering gehanteer, en Saterdag word die tema van die jaar, armoede, behandel – veral hoe dit bejaardes raak. **Dr Hennie van Deventer** van die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (AGB) sal die inleiding behartig. Lees gerus die AGB se aksieplan op die ADV se webblad [www.diakens.co.za](http://www.diakens.co.za) as voorbereiding. Saterdag se verrigtinge is van 08:00 tot 13:00, en dit is oop vir alle belangstellendes. Stuur asseblief u naam aan Andries Pretorius, voorsitter van die ADV, by [voorsitter@diakens.co.za](mailto:voorsitter@diakens.co.za) of 082 490 5378 indien u die geleentheid gaan bywoon.

- Die **Ringsdiakensvergadering** van die ring van **Noord-Kaapland** vind plaas op Saterdag 15 Maart vanaf 09:00 by Gemeente Vaalharts in Hartswater.

- Die **Ringsvergadering van Potchefstroom** vind op 4 en 5 Mei plaas, en nie op 11 en 12 Mei soos vroeër aangedui nie.

- **ADV SE JAAR VIR ARMOEDE.** Armoede is nie net materieel van aard nie. Sosiale armoede (eensaamheid, geen vriende, kinders wat nie hul ouers besoek nie, iemand wat 'n geliefde verloor het...) is oral om ons. Neem gerus 'n pakkie koekies vir so 'n persoon en sê: *Ek dink aan jou!* Kontak ds Martin Jansen van Rensburg van die Werkgroep vir Armoede by [mvr2@telkomsa.net](mailto:mvr2@telkomsa.net) indien u by hierdie belangrike opdrag betrokke wil raak.

armoede  
werkgroep  
armoede



- **Gemeente Verwoerdburg** het bediening in plek wat siekes by **Unitas** besoek. Indien u van iemand weet (veral Hervormde lidmate) wat behoefte aan besoek het, kan u die gemeente se kerkkantoor kontak. Skakel 012 664 2044 tydens kantoorure 08:30-13:00.

## Allegaartjie

*Die ergste siekte van ons tyd is nie melaatsheid of kanker nie. Dis die gevoel dat jy eenkant gestoot is – alleen en sonder enige nut. (Moeder Teresa)*

## Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Maart, en word hartlik geluk gewens.**
  - o Donderdag 13 Maart: Ds RJ (Rudi) Rust (beroepafwagting)
  - o Sondag 16 Maart: Di GS (Gerrie) Botha (Viljoenskroon) en AC (Arie) Kuyper (Villieria)
  - o Maandag 17 Maart: Dr DJC (Daan) van Wyk sr (emeritus)
  - o Dinsdag 18 Maart: Di P (Pieter) de K Furstenberg (Richardsbaai), RTI (Robby) Pienaar (Ogies), PS (Piet) van Staden (emeritus) en prop G (Gerrit-Daan) van der Merwe (Strand)
  - o Donderdag 20 Maart: Di JS (Hannelie) Botha (beroepafwagting), PA (André) Harmzen (buiteland) en LMP (Lou) Swanepoel (emeritus)
  - o Vrydag 21 Maart: Ds JH (Heinrich) Botha (Evander) en PP (Paul) Jooste (emeritus)

## Bepaalde vergaderings

- o Donderdag 13 Maart: Direksie van die Monumenttehuise
- o Vrydag 14 Maart: OSR Finkom  
Kernkomitee: Erediens en Kerklied
- o Maandag 17 Maart: Raad vir Kerkregtelike Advies
- o Dinsdag 18 Maart: ADV Kommunikasie
- o Woensdag 19 Maart: Komitee vir Herskrywing van Kerkorde
- o Donderdag 20 Maart: Redaksie van *Die Hervormer*  
ADV Finkom  
Direksie van Ons Tuis

## Kursusse en toerusting

- **DANIËLKONFERENSIE: 15-16 Maart**  
NG Kerk Leeudoringstad  
Al die kerke van die gemeenskap bied dit saam aan  
Meer inligting by 018 581 2801 / [www.danielmannekonferensie.co.za](http://www.danielmannekonferensie.co.za)
- **HTK: Gesprek met die Bybel.** Die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) het onder leiding van die hoof, dr Christo van der Merwe, met verskeie projekte begin om die resultate van die teologiebeoefening van Hervormde teoloë vir lidmate en ampsdraers meer toeganklik te maak. Op Woensdagaand 5 Maart het die eerste *Bybelskool* in die Van Selms-leeskamer by die Fakulteit Teologie van die Universiteit van Pretoria plaasgevind. Die bedoeling is om op **informele wyse Bybelstudie** te doen aan die hand van die oorkoepelende tema *Gesprek met die Bybel*. By hierdie eerste geleentheid is die gesprek oor *Bybel en Gees* gele deur **prof Andries van Aarde** na aanleiding van die Skrifgedeeltes 2 Korintiërs 3: 7-18 en Eksodus 34: 1-4 en 27-35. Hy het aangetoon dat die gesag van die Skrif as Woord van God deur die dinamiese werking van die Heilige Gees ondersteun

word wanneer gelowiges met respek omgaan met die Bybel. Dit gebeur juis wanneer die Bybel as kanon van die Kerk én as bron van wetenskaplike eksegetiese gebruik word. Op versoek van die groot getal teenwoordiges self is besluit dat die volgende gespreksgeleentheid op **Woensdagaand 9 April om 19:00** by dieselfde plek sal plaasvind, met as tema *Het die kerk historiese-Jesus-navorsing nodig?* Alle belangstellendes is welkom.



Prof Elsabé Kloppers

- **DIPLOMA IN HIMNOLOGIE EN LITURGIE**

Hierdie Diploma bied 'n uitstekende geleentheid om meer oor die erediens en die kerklied te leer – daarvan kan almal getuig wat die kursus reeds gedoen het. Dit is veral sinvol waar die predikant, orrelis en sangleiers in 'n gemeente dit gesamentlik bywoon. Die volgende kursus begin op **12 April 2014** en vind in **Pretoria** plaas. Dit loop oor twee jaar en daar is drie byeenkomste per jaar. Die koste is R900 per jaar. Kerkrade word versoek om die koste vir hul predikante en orreliste te help dra. Belangstellendes kan met prof Elsabé Kloppers kontak maak by [kloppec@unisa.ac.za](mailto:kloppec@unisa.ac.za) of [elsabekloppers@gmail.com](mailto:elsabekloppers@gmail.com).



Oudl Freda Wilkens

- **KORTKURSUS VIR KINDEREREDIENSTE**

Gemeentes leer meer van Kindereredienste

**Oudl Freda Wilkens**, jare reeds betrokke by (onder andere) die Raad vir Gesinsorg, het in oorleg met die HTK 'n Kortkursus vir Kindereredienste ontwerp. Op Saterdag 22 Februarie is dit vir die eerste keer aangebied in die ring van Pretoria-Noord. 24 jeugwerkers en predikante van nege gemeentes het dit bygewoon. Die kursus fokus daarop om lidmate en predikante wat met kindereredienste gemoeid is, toe te rus om kinders met verantwoordelikheid vroeg by die erediens te betrek. Ringe en gemeentes wat belangstel om die kursus in hul omgewing aan te bied, kan **ds Stephen de Beer** kontak by 074 658 4630.

## Beskikbare behuising

- **Behuising vir en versorging van bejaarde persone**  
Kontak Hannelie Fourie van Ons Tuis-Monumenttehuise  
012 325 1857 x202 / [www.otmt.org](http://www.otmt.org)
- **2-slaapkamer-woonregwoonstel te Frans Boshoff (Brooklyn)**  
Prys: R358 800  
Die eenheid is op die 1ste vloer van FB2 en het 'n klein balkon by die sitkamer  
Hierdie is rustige area en naby winkelsentrums  
Kontak mev Jo-Mari Haarhoff by 012 346 2418
- **Kamers vir selfversorgende bejaardes**  
Huis Tafelberger in Monte Vista, Kaapstad  
Navrae aan mev Anna Hanekom by 021 872 6301  
of ds Kathleen Smith by 021 551 5264

## Konserte en feeste

- **Vrydag 9 Mei om 19:00: Gemeente Verwoerdburg: Jukebox Roadshow**  
Met Pieter Koen, Adam, Mwah en Ricus Nel  
In die Aula (UP), kaartjies by iTicket (086 1000 291 of Pick n Pay)  
Pryse tussen R150 en R200, ten bate van barmhartigheid  
Navrae aan gemeentelike kerkkantoor 012 664 2044 (08:30-13:00)

## Kampe en toere

- **Vrouekamp 2014: 16-18 Mei**  
Vir dames van alle gemeentes  
By Paradiesos-kampterrein, naby Kameeldrift, ongeveer 30 km buite Pretoria



Tema: *Wat is nuus?*

Temavers: Jesaja 25: 7a (NLV):

*Hoe mooi klink die voetstappe op die berge van hulle wat goeie nuus bring...*

Sprekers: Di Janine Bevollo-Manders en Antionette Janse van Rensburg

Kampgelde R550 per persoon

Navrae aan Jana Peenze by 083 734 5426 / [janapeenze@vodamail.co.za](mailto:janapeenze@vodamail.co.za)

of Stefanie Theron by 082 825 7944 / [stef1@absamail.co.za](mailto:stef1@absamail.co.za)

- **Konteks-leserstoer na Turkye: Vertrek 5 Oktober**  
15 dae op die voetspore van die eerste Christene  
Toerleier: Ds Dries Beukes  
012 654 3198 / 083 447 7943  
Vir meer inligting, kontak Louise Geyser (formele reisagent)  
012 361 0579 / 082 560 4279 / [louise.geyser@absamail.co.za](mailto:louise.geyser@absamail.co.za)  
Gaan na [www.konteks.co.za](http://www.konteks.co.za) → Inligting en skakels → Konteks-leserstoer vir volledige inligting en besprekingsvorm
- **Kom toer saam deur Israel**  
Toerleier: Ds Fanie Beukes (NHKA Wesmoot)  
Datum: 23 November tot 1 Desember  
Navrae aan ds Fanie by 073 167 1183 / [faniebeukes@yahoo.com](mailto:faniebeukes@yahoo.com)

## Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Naboomspruit: Naboom Fiesta 19 April**  
Ons is op soek na die Bosveld se beste storieverteller  
As jy 'n mooi storie het om te vertel, kontak die organiseerders  
Groot pryse te wen  
Kontak Jan Claassen by [two.oceans@yahoo.com](mailto:two.oceans@yahoo.com) / 084 400 5137  
of Rene van Tonder by [fiesta@nhknaboomspruit.co.za](http://fiesta@nhknaboomspruit.co.za)

## Basaars en markte

- **Saterdag 15 Maart: Gemeente Bronkhorstspuit: Basaar**  
Hervormde Kerkterrein vanaf 07:30  
Tema: *Liedjie-Makietie*  
Heerlike eetgoed, vleis, groente, *jukebox*, vlugbaltoernooi, ens  
Navrae aan [nhbhs@telkomsa.net](mailto:nhbhs@telkomsa.net) / 013 932 2929

## ANDER NUUS

- Die Ondersteuningsraad (OSR) beskik tans oor 'n vakature vir 'n **volydse maatskaplike werker in Pietersburg**. Die minimumvereistes vir die pos is BA(Maatskaplike Werk); registrasie by die Maatskaplike Raad (SACSSP); moet beskik oor 'n geldige bestuurslisensie; en moet Afrikaanssprekend wees. Aansoeke (CV's) kan gestuur word aan Henriëtte Els (programbestuurder) by [oraadlimpopo@gmail.com](mailto:oraadlimpopo@gmail.com) / 014 717 3589 (faks), en sy kan gekontak word by 071 684 7912.
- Die **Ondersteuningsraad Kempton Park** benodig **paaseiers (bokse waarin 48 sjokoladepaaseiers is)** vir hul Paasfeesprojek in Tembisa. Indien iemand hiermee kan help of 'n bydrae wil maak, kontak Karen du Buisson by 071 684 7855, of skakel die kantoor by 011 391 2833 gedurende kantoorure.
- Die **Ondersteuningsraad Nylstroom** benodig dringend **twee tweedehandse lugversorgers** wat in werkende toestand is. Die kantore is ontsettend warm en die gebou het boonop 'n sinkdak. Kontak Engela Bolton by tel 014 717 3594, faks 014 717 3589 of [oraadnylstroom@nhk.co.za](mailto:oraadnylstroom@nhk.co.za) indien u kan help.



- Die **Ondersteuningsraad Brakpan** benodig dringend **liasseerkabinette**. Indien enigiemand oor kabinette beskik of 'n bydrae hiervoor wil maak, kontak asseblief vir Karen du Buisson by 071 684 7855, of skakel die kantoor by 011 740 9310 gedurende kantoorure.
- Die **Ondersteuningsraad Krugersdorp** benodig dringend 'n **tweedehandse lessenaar** en **20 plastiekstoele** vir die aanbieding van projekte. Indien iemand hiermee kan help of 'n bydrae kan maak, kontak Ina Grobbelaar by 071 684 7865, of skakel die kantoor by 011 953 1200 / 011 952 1197 gedurende kantoorure.
- Die **Hoërskool Martie du Plessis vir Serebraalgestremdes in Bloemfontein** benodig dringend 'n **opvoedkundige of voorligtingsielkundige**. Dit is 'n Beheerliggaam-aanstelling. Kontak die hoof, Francois van Heerden, by 084 962 3250, 051 522 6801/2 of [hoof@mdup.co.za](mailto:hoof@mdup.co.za) vir meer inligting.
- **Trauma-ondersteuningskamp vir naasbestaendes van geweldslagoffers**  
**Datum: 21-23 Maart 2014**  
Plek: Paradiesos-kampterrein, 'n halfuur vanaf Pretoria  
Koste: R450 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)  
Vir meer inligting en inskrywing: Kontak Elize Perrin by 072 600 5809 / [deoudepastorie.victoriawest@gmail.com](mailto:deoudepastorie.victoriawest@gmail.com)
- **Ondersteun Tekkie Tax-dag op Vrydag 30 Mei**  
Kontak Cornèl Theron by 012 663 8181 / [tekkietax@mweb.co.za](mailto:tekkietax@mweb.co.za)  
[www.tekkietax.co.za](http://www.tekkietax.co.za)  
Tekkie Tax 2013 het alle verwagtings oortref deur R2,4 miljoen in die eerste jaar in te samel. Meer as 180 plaaslike welsynsorganisasies het daarby gebaat en alle fondse is gedurende November 2013 verdeel. 34% van die deelnemers het 'n C-plakker gekies, wat kinders verteenwoordig.



Onthou ook wat Bev Seabourne van Highveld Horse Care byvoorbeeld sê: *Ons diens aan perde en donkies help veel meer as net die diere, want 'n gesonde perd of donkie sorg dat daar 'n inkomste is, kinders kan skool toe gevat word en water en steenkool kan aangery word.*

Koop 'n Tekkie Tax-plakker met 'n R10-donasie. Daar is 5 verskillende plakkers om van te kies: **Allerhande DIERE**; **Basiese FAMILIEDienste**; **Cool KINDERS**; **Dienslewering aan GESTREMDES**; en **Essensiële ONDERWYS**. Op Tekkie Tax-dag dra jy jou groot plakker op jou bors, en die kleintjie sit jy op jou selfoon, om daar te bly vir die res van die jaar. Wat ook al jou uitrusting vir die dag, maak seker jy dra jou tekkies! Jy kan selfs jou tekkies optooi deur 'n paar van die oulike skoenveters *Tekkie Tags* aan te skaf vir 'n R30-donasie (en die plakker van jou keuse is ingesluit).

## Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie. Stuur die voorgestelde **teks van nie meer as 110 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). **GEEN** advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag

moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads. Neem asseblief kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## AGTERBLAD

### Gebed vir die week

O hemelse Vader,  
in wie ons leef en beweeg en is,  
ons bid in nederigheid dat U ons  
so deur u Gees sal lei en rig  
dat in al die sorges en bekommernisse  
van ons lewe elke dag  
ons U nie sal vergeet nie,  
maar altyd sal onthou  
dat ons voor u aangesig wandel  
ter wille van die eer van u Naam.  
(Antieke gebedsoproep)

Uit: *Prayers through the centuries* – Nancy Martin, Bishopsgate Press, 1999

